



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NATIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

19 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 Dit is 'n regsproses waarvolgens een party al sy/haar regte ingevolge daardie kontrak aan 'n derde persoon oordra, maar nie sy/haar pligte of verpligtinge nie.
- 1.1.2 Dit behels dat die minderjarige deur sy/haar voog toegelaat word om sake te bedryf of enige ander beroep vir sy/haar eie gewin te beoefen.
- 1.1.3 Dit reël die verhouding tussen private individue. Een persoon stel 'n regsaksie teen 'n ander in en skep op hierdie manier 'n regsverhouding.
- 1.1.4 Dit is gratis regshulp wat aan armes voorsien word wat nie die koste van duur regsgelde kan bekostig nie in strafsake wat in die hoë hof aangehoor word.
- 1.1.5 Dit verwys na die situasie wat ontstaan wanneer een of albei partye hulle vergis of per abuis gehandel het ten opsigte van iets in die kontrak wat hulle onderteken het.
- 1.1.6 Een persoon beïnvloed die ander op so 'n manier dat die onskuldige slagoffer nie sy/haar eie mening kan vorm nie.
- 1.1.7 'n Kontrak word outomaties nagekom/vervul wanneer die vermoë van die skuldenaar en die skuldeiser een word.
- 1.1.8 Dit is 'n wedersydse ooreenkoms waarvolgens die verkoper onderneem om 'n ding/artikel of *merx* te lewer, en aan die koper vrye besit van die artikel waarborg in ruil vir 'n gestipuleerde bedrag geld.
- 1.1.9 Die verkoop is onmiddellik effektief. Die risiko gaan op die koper oor sodra die verkoop plaasvind, en die koper moet die voorwaarde nakom om verlies of risiko van kansellasië deur die verkoper te vermy.
- 1.1.10 Dit is 'n ongeldige kontrak wat ook volkome onafdwingbaar is.
- (10 × 2) (10)

1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Onwaar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Waar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Onwaar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Onwaar		
	1.2.10	Waar		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	B		
	1.3.2	D		
	1.3.3	E		
	1.3.4	C		
	1.3.5	A		
			(5 × 2)	(10)
TOTAAL AFDELING A:				50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1
- Vrye/wedersydse toestemming – konsensus/wilsooreenstemming *ad idem*
 - Handelingsbevoegdheid.
 - Redelike oorsaak – *iusta causa*
 - Regtens/fisiek moontlik om te presteer
 - Voldoen aan regsformaliteite
- (10)
- 2.2
- Dit is 'n spesiale regsmiddel/remedie tot die koper se beskikking vir latente gebreke
 - Die verkoper waarborg stilswyend dat daar geen latente gebreke sal wees nie.
 - 'n Latente gebrek is 'n onsigbare gebrek/defek.
 - Die verkoper pleeg kontrakbreuk as daar latente gebreke is.
 - Die koper kan die teruggawe van die koopprys eis.
 - Die koper kan ook die terugbetaling van alle uitgawes eis.
 - Die algemene reël is dat geen skadevergoeding geëis kan word nie.
 - Die koper moet die artikel terugbesorg.
- (Enige 7 × 2) (14)
- 2.3
- Indien die partye uitdruklik hierdie waarborg in die verkoopskontrak uitsluit
 - Indien die gebrek nie ten tyde van die sluiting van die kontrak bestaan het nie
 - Indien die koper bewus was van die gebrek en dit aanvaar het
 - Indien die *aediliesie aksie* voorgeskryf is
- (4 × 2) (8)

- 2.4
- Bedrieglike wanvoorstelling
 - Onskuldige wanvoorstelling
 - Nalatige wanvoorstelling (3 × 2) (6)
- 2.5
- Bedrieglike wanvoorstelling – Om 'n valse verklaring af te lê, wel wetend dat dit nie die waarheid is nie. Byvoorbeeld, om te sê dat iets nuut is, terwyl dit nie is nie.
 - Onskuldige wanvoorstelling – Om inligting eerlik te verskaf en vas te glo dat dit die waarheid is. Byvoorbeeld, om 'n skildery te verkoop nadat jy dit deur 'n kundige laat evalueer het, maar later uit te vind dat die kunswerk nie eg was nie.
 - Nalatige wanvoorstelling – Om onwaar inligting te verskaf sonder om seker te maak of dit die waarheid is. Byvoorbeeld, 'n eiendomsagent wat verklaar dat 'n oop stuk grond vir 'n park gesoneer is, terwyl dit nie die geval is nie. (3 × 4) (12)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1
- Staatsreg
 - Administratiefreg
 - Internasionale reg
 - Strafrege (4 × 2) (8)
- 3.2
- Wetgewing
 - Engelse reg
 - Gewoontereg
 - Hofbeslissings
 - Romeins-Hollandse reg
 - Geskifte van ou regsgeleerdes (6 × 2) (12)
- 3.3
- Dit is die plig van die verhuurder om die eiendom in stand te hou nadat dit in 'n behoorlike toestand oorhandig is.
 - Dit bly 'n plig vir die volle tydsduur van die huurkontrak.
 - Die verhuurder is nie verantwoordelik vir skade wat deur die huurder se toedoen veroorsaak is nie.
 - Die huurder kan die huurkontrak kanselleer as die kontrakbreuk baie ernstig is.
 - Die verhuurder kan skadevergoeding asook vir voortvloeiende skade/gevolgskade eis.
 - Die huurder kan daarop aandrang dat die huurgeld verlaag word.
 - Die huurder kan herstelwerk aan die eiendom laat doen en die koste van die verhuurder terugeis, maar slegs met sy/haar instemming. (10 × 2) (20)
- 3.4
- Om werknemers te betaal
 - Om werknemers in diens te neem
 - Om nie toe te laat dat werknemers werk verrig wat benede hul status is nie
 - Om 'n veilige werksomgewing te voorsien
 - Om aan die werknemer 'n sertifikaat te gee wanneer hy/sy diens verlaat (5 × 2) (10)
- [50]**

VRAAG 4

- 4.1
- Dit is om die trekker te beskerm wanneer die tjek verlore raak.
 - Dit verseker dat die tjek nie in verkeerde hande beland nie.
 - Dit stel die wettige eienaar in staat om stappe te doen ten opsigte van verlies gelyk teen enige persoon wat die tjek hanteer het nadat dit verlore geraak het of gesteel is. (3 × 2) (6)
- 4.2
- Die beginsel staan bekend as 'huur gaat voor koop'.
 - Hierdie konsep is op huurkontrakte van toepassing en beteken dat die 'huurkontrak voorrang bo die verkoop geniet'.
 - Indien eiendom verkoop word terwyl 'n huurkontrak steeds in werking is, kan die huurder nie uitgesit word nie.
 - Die huurder het die reg om vir die volle duur van die huurkontrak te bly.
 - Indien dit egter 'n langtermynhuurkontrak en ongeregistreer is, word dit soos 'n korttermynhuurkontrak gehanteer en moet die huurder ná tien jaar die eiendom verlaat.
 - Indien dit 'n korttermynhuurkontrak (korter as 10 jaar) is, kan die huurder vir die volle tydsduur bly as die koper hiervan bewus is.
 - Indien dit 'n geregistreerde langtermynhuurkontrak is, word die huurder vir die volle duur van die huurkontrak beskerm.
 - Indien die eiendom vererf, het die huurder ook die reg om aan te bly.
 - Die koper van die eiendom word die nuwe verhuurder. (10 × 2) (20)
- 4.3
- Dit behels dat die werknemer:
 - die werkgewer se sakebelange bevorder
 - nie met die werkgewer meeding nie
 - nie vertroulike inligting of handelsgeheime wat aan die werkgewer behoort, openbaar maak nie
 - hom/haar weerhou van oneerlike optrede soos diefstal en bedrog
 - 'n Werknemer kan summier ontslaan word as hy/sy nie te goeder trou optree nie.
 - Die werkgewer moet sorg dra dat ontslag weens gebrek aan goeie trou nie in onbillike ontslag verander nie. (Enige 5 × 2) (10)
- 4.4
- Prys
 - Afstand
 - Vervoermetode
 - Wat vervoer moet word (4)
- 4.5
- Wanneer 'n skriftelike kontrak vertolk word,
 - word geen mondelinge getuienis in ag geneem
 - wat probeer om die bestaande kontrak te wysig nie
 - tensy tegniese aspekte verduidelik moet word
 - maar nie met die bedoeling om die bestaande kontrak te verander nie
 - Die bestaande kontrak is die enigste geldige kontrak. (Enige 5 × 2) (10)
- [50]**

VRAAG 5

- 5.1
- Betaling van die hoofskuld
 - Opsegging deur die pandnemer of verbandnemer
 - Skuldvernuwing
 - Uitwissing/tenietgaan van die pandgewer of verbandgewer se eiendomsreg
 - Vernietiging van die beswaarde eiendom
 - Samesmelting
 - Vervreemding van verpande goedere
 - Voorskrif
 - Hofbevel
 - Verkope in eksekusie of insolvensie (10)
- 5.2
- Verbintenisreg
 - Sakereg
 - Personereg en familiereg
 - Handelsreg
 - Opvolgingsreg (Enige 5 × 2) (10)
- 5.3
- Die verbintenisreg handel oor persoonlike regte, byvoorbeeld 'n eis wat een persoon teen 'n ander kan hê.
 - Die sakereg handel oor saaklike regte, byvoorbeeld die reg op eienaarskap en besit.
 - Die personereg handel oor die status van persone, byvoorbeeld die feit dat 'n minderjarige beperkte handelingsbevoegdheid het. Familiereg handel oor aspekte soos verlowings, die huwelik en egskeiding.
 - Handelsreg handel oor handel en nywerheid, byvoorbeeld aspekte soos kopiereg/outeursreg, versekering en verhandelbare instrumente.
 - Die opvolgingsreg handel oor die manier waarop 'n persoon se boedel by sy/haar dood verdeel word. (20)
- 5.4
- Skadeloosstelling/vrywaring
 - Goeie trou
 - Herversekering
 - Oorversekering
 - Onderversekering
 - Versekerbare belang (5 × 2) (10)
- [50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200